



Inskrywingsvorm / Kontrak

Ouers wat aansoek doen vir registrasie om toelating vir hul kind, moet die skool voorsien van al die dokumente soos gelys in die inname dokument. (Plaas in 'n verseelde koevert).

Toelatingsdatum: _____

Ouderdomsgroep:

0 – 2 Jaar	2 – 3 Jaar	3 – 4 Jaar	4 – 5 Jaar
------------	------------	------------	------------

Leerderbesonderhede

Volle naam en van: _____

Noemnaam: _____

ID nr: _____ Geslag: _____ Huistaal: _____

Woonadres: _____

Mediese besonderhede

Huisdokter: _____ Tel nr: (____) _____

Mediese skema: _____ Plan: _____

Mediese fonds nr: _____

Naam van hooflid: _____ ID nr: _____

Enige Allergieë: _____

Spesiale behoeftes van leerder: _____

Kroniese medikasie: _____

Gesinsbesonderhede

Vader / Voog _____ Moeder / Voog _____

ID nommer: _____ ID nommer: _____

Woonadres: _____ Woonadres: _____

Posadres: _____ Posadres: _____

Huis tel. nr: _____ Huis tel. nr: _____

Selfoon. nr: _____ Selfoon. nr: _____

E-pos: _____ E-pos: _____

Beroep: _____ Beroep: _____

Werkgewer: _____ Werkgewer: _____

Huwelikstatus: Getroud Ongetroud Voogde Geskei Enkel Weduwee Wewenaar

Kontak persoon, indien ouers nie bereik kan word nie

Naam en van: _____ Tel. nr: (____) _____

Verwantskap: _____

Adres: _____

Kontrak

Leerder se naam: _____ Ouderdomsgroep: _____

Onderneming

Hiermee bevestig ons, die ondergetekendes, dat alle persoonlike inligting soos in hierdie aangehegte leerlingprofiel, korrek en waar is. Ons neem kennis daarvan dat leerders jaarliks heraansoek doen vir keuring en volgens hul finansiële state 'n plek as leerder by *Ubi Caritas* ontvang en/of behou. Ons aanvaar die regulasies vir betaling van skoolfonds, asook die toelatingsbeleid soos uiteengesit in die aangehegte Prospektus en verstaan dat, indien 'n leerling of ouer nie aan hierdie reëls en vereistes voldoen nie, hertoelating in enige stadium deur die skool geweier mag word. Hiermee verklaar ons dat ons die afdelings aangaande *Ubi Caritas* se Finansiële sake gelees en verstaan het en aanvaar ons verantwoordelikheid daarvoor. Ons as ouers onderneem verder om aan alle reëlins en vereistes wat op ons van toepassing is, te voldoen.

Toelatingsbeleid

1. In 'n geval van 'n leerder wat vir die eerste keer tot die skool toegelaat word, moet die volgende voorsien word:
 - Voltooide Agtergrondvraelys
 - Voltooide Inskrywingsvorm
 - Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat
 - Afskrif van die leerder se immuniseringskaart tot op hede
 - Enige opvoedkundige of mediese verslae van toepassing
 - Bewys van betaling van jaarlikse registrasiefooi, skryfbehoeftesfooi en eerste maand se skoolfonds
2. Daar word verpligte skoolfonds deur die skool gehef
 - Skoolgeld is vooruit betaalbaar op die 1ste dag van elke maand, met dien verstande dat die volle saldo teen 1 Desember van die huidige jaar gedelg is. Skoolfonds word oor 12 maande afbetaal. 'n Registrasiefooi en Skryfbehoeftesfooi is jaarliks betaalbaar op 15 Desember van die voorafgaande jaar.
 - Wyse van betaling:
 - Maandelikse Internetbetalings oor 12 maande vanaf Januarie tot Desember.
 - Die aansoeker/s erken onherroeplik sy/hul aanspreeklikheid teenoor die skool vir die betaling van skoolgeld vir die betrokke jaar of enige verskuldige saldo daarvan, met dien verstande dat indien skoolgelde nie tot op datum betaal is nie, die leerder die skool perseel geweier mag word tot dat skoolgelde vereffen is.
 - Die aansoeker/s stem onherroeplik toedat 'n sertifikaat onderteken deur die Eienaar (van wie se aanstelling of bevoegdheid nie bewys geverg hoef te word nie), waarin die bedrag van die aansoeker/s se skuldverpligtinge jeens die skool en die besonderhede daarvan uiteengesit word, sal dien as *prima facie* bewys van die bedrag en/of aard van die aansoeker/s se skuldverpligtinge jeens die skool, en verder sal geld as 'n likiede dokument in enige hof van bevoegde jurisdiksie vir die

doeleindes van voorlopige of summiere vonnis teen die aansoeker/s, en die aansoeker/s erken sy/hul skuld ten opsigte van enige bedrag Aldus gesertifiseer.

- Die aansoeker/s stem toe dat die leerder aan alle aktiwiteite van die skool mag deelneem en alle uitstappies mag meemaak.
- Die Aansoeker/s erken dat die Eienaar, die verantwoordelike skoolpersoneel en behulpsame lede van die skoolgemeenskap nie aanspreeklik is vir enige vorderings weens dood of beserings of enige skade of verlies wat mag ontstaan uit die deelname deur die leerder aan enige skoolaktiwiteite nie, hetsy kurrikulêr of buitekurrikulêr.
- Die aansoeker/s magtig die Eienaar van die skool of die beskikbare mees senior personeellid om die afwesigheid van die aansoeker/s namens die aansoeker/s die nodige magtiging te verleen vir dringende mediese behandeling of chirurgiese ingreep ten opsigte van die leerder, indien nodig, en onderneem om alle koste in verband daarmee op aanvraag te vereffen.
- Die aansoeker/s verklaar dat die inligting gemeld in alle opsigte volledig en korrek is, en onderneem om die Bestuurder van die skool onverwyld skriftelik in kennis te stel indien enige inligting verander, in besonder indien enige nadelige verandering in die gesondheidstoestand van die leerder intree wat die leerder se vermoë om aan skoolaktiwiteite deel te neem, mag raak.
- Indien die aansoeker/s besluit dat die leerder die skool verlaat, moet 'n tydperk van een kwartaal skriftelik kennis gegee word en sal die volle kwartaal se skoolfonds gehef word.

Hiermee aanvaar ons, die ondergetekendes, alle stipulasies soos gespesifiseer in al twee (2) bladsye van hierdie kontrak.

Geteken te	
Datum	
Hantekening van albei ouer(s) / voog(de)	
Handtekening van skoolhoof	

Skoolfonds uiteensetting vir 2016

Ubi Caritas vir Vroeë Kinderontwikkeling se skoolfonds beloop R39 600 per jaar. 'n Registrasiefooi en skryfbehoeftesfooi is ook jaarliks betaalbaar. Skoolfonds word in die volgende paaiemente opgedeel vir u gerief:

Registrasiefooi – Betaalbaar ten tye van registrasie:

'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R2 500 word elke jaar betaal met hertoelating van u kind tot die skool. Die registrasiefooi is op 15 Desember van die voorafgaande jaar betaalbaar of voor aanvangs van u kind se toelating tot *Ubi Caritas*.

Maandelikse skoolfonds – Betaalbaar op die 1ste dag van elke maand vooruit:

Skoolfonds vir 2016 beloop R3 300 per maand. Die skoolfonds vir elke maand is betaalbaar op die 1ste dag van die maand vooruit, bv. Skoolfonds vir Januarie is betaalbaar op 1 Januarie ensovoorts.

Skryfbehoeftesfooi – Betaalbaar op 30 Oktober van die voorafgaande jaar of by tye van inskrywing:

Skryfbehoeftes word deur die skool voorsien en aangekoop wat deur die jaar gebruik word.

Ons, die ondergetekendes, neem kennis van die skoolfondsuiteensetting vir 2016

(Besonderhede van persoon verantwoordelik vir betaling van skoolfondsrekening.)

Van: _____ Voornaam: _____

ID nommer: _____ Verwantskap: _____

Huis tel.nr: _____ Beroep: _____

Selfoon nr: _____ E-pos: _____

Adres: _____

Posadres: _____

Geteken te Randburg op hierdie _____ dag van _____ 20____

Hiermee onderneem ek, _____, die ondergetekende, om die jaarlikse registrasiefooi, maandelikse skoolfonds en alle fooie m.b.t bogenoemde leerder, stiptelik te betaal soos op die voorafbepaalde dae en datums.

HANDTEKENING VAN VERANTWOORDELIKE PERSOON